DIE AAMBEELD

Kwartaalblad van die HTS Drostdy Kwartaal1/2015

Drostdy Lééf

Drostdy is soos 'n blikkie Coke wat geskud en oopgemaak is. Daar was so baie aktiwiteite! Wanneer ons leerders nie besig is om te leer, krieket, tennis, swem, toutrek, rugby, netbal en nog vele meer te oefen of redenaars te praat en dramaklasse by te woon nie, neem hulle deel aan 'n verskeidenheid prettige aktiwiteite soos interkoshuis swem/atletiek, Mnr. en Mej. Drostdy of 'n video-opname vir KykNet Musiekkanaal...
Drostdy het ook as gasheer opgetree vir die Absa Cape Epic en die SA Toutrek Kampioenskap. Die Donkies het tydens hierdie twee gebeurtenisse weereens aan almal bewys dat hulle nie wegskram vir harde werk nie en altyd bereid is om 'n tydjie af te staan om ander by te staan. Of dit nou is om 2000 tentjies op te slaan of net te ondersteun – ons leerders is bereid om ongelooflike opofferings te maak sodat ons as 'n eenheid kan saamwerk! Aan die einde van hierdie kwartaal voel almal dalk soos pakosse, maar ons gaan vakansie hou met daai gevoel van genoegdoening. Dis soos om aan die einde van die dag moeg te gaan slaap, wetend dat jy hard gewerk en jou loon verdien het. Hierdie is ons werf, ons skool, ons trots. Geniet die vakansie.

Marilie Mathee

In hierdie uitgawe kan jy meer lees oor...

Die wenners

Die manne toer na Potch



Die EPIC



Die meisies maak skoonskip



MK

En ook...
Akademie
Kultuurnuus
Pretblad - wie is wie?
Wat sê die Donkies...
Hokkietoer
Netbaltoer

Redakteursbrief

'n Nuwe era het aangebreek vir die Aambeeldredaksie. 'n Era vol vars, nuwe idees, uitdagings en mense. Ek is baie opgewonde oor my termyn as redaktrise en dankbaar vir die geleentheid om nuwe wind in die Aambeeld se seile te blaas. Dit was 'n besonderse kwartaal vir Drostdy en so ook vir elke Drostdyer. 'n Kwartaal wat afgeskop het met 'n warboel van aktiwiteite en so aangehou het tot aan die einde. Ek het opnuut besef hoe bevoorreg ons is om deel te wees van 'n skool soos Drostdy.

Dit was ook 'n ongelooflike kwartaal vir die Aambeeld. Ons redaksielede moes omtrent bontstaan om alles gedoen te kry. Ons strewe om as 'n eenheid saam te werk en elke kwartaal vir julle die beste Aambeeld nóg te lewer. Ek sluit af met 'n aanhaling van Robert Collier: "Success is the sum of small efforts, repeated day in and day out."

Marilie Mathee

Uit die Hoof se kantoor

Wat 'n kwartaal! Ek wil begin deur vir elke onderwyser, leerling en ouer dankie te sê vir 'n ongelooflike kwartaal waar HTS Drostdy suksesse gesmaak het wat moeilik geëwenaar gaan word. Ons is hierdie kwartaal geseën en ons wil ons Hemelse Vader bedank vir die seën wat op Drostdy rus.

U sal sekerlik saamstem dat daar van dag een af ongelooflik baie gebeur het.

- Bersigkoshuis is opgegradeer en die dogters is bly oor die koshuis wat ongelooflik mooi en netjies is.
- Ons eie "gastehuis" se deure het oopgemaak vir bespreking. Ouers kan naweke bespreek en hier op ons perseel oorslaap.
- Die graad 8-leerlinge het besonder goed ingeskakel en die graad 8 konsert was hope pret en geslaagd.
- Die tennis, krieket en atletiek het hulle besonder goed van hulle taak gekwyt en ek is seker u sal in die Aambeeld meer daaroor kan lees.
- Ons het nasionaal op TV verskyn op MK, waar ons leerders weereens gewys het hoekom almal so "rave" as hulle die skool besoek. Ons leerders is trots op die skool en wys dit ook in hul optrede.
- Die Mnr. en Mej. Drostdy was 'n aand om te onthou.
- Die Cape Epic het die skool geskud en weer was ons leerders se gedrag en vriendelikheid aan die orde van die dag.
- Al die sportmanne wat die vakansie op toere gaan, maak dat ons leerlinge betrokke is en ek glo 'n betrokke kind is 'n kind wat lief raak vir sy/haar skool.
- Die SA toutrekkompetisie wat op ons gronde plaasvind het, het die kwartaal op 'n besondere hoë noot afgesluit.

Ons het baie positiewe kommentaar van die publiek ontvang oor die skool en terrein. Ons is trots op ons skool en dankie vir elkeen wat 'n bydrae lewer om Drostdy nog 'n groter belewenis te maak.

A Underhay

Om 'n leier te wees

Vanjaar het teen 'n honderd myl per uur begin! En wat 'n ontnugtering was dit nie...

Dit is vir my 'n groot eer om HTS Drostdy se onderhoofseun te wees. Om nuwe leierskapsposisies te beklee is vir enigiemand 'n groot aanpassing. Bevredig jy almal se verwagtinge? Is jy 'n goeie leier? Ek beskou my termyn as deel van Drostdy se leierkorps as 'n geleentheid om myself te verryk en te leer uit die wonderlike geleentheid wat die skool my gebied het.

Ja, die deur loop van die kwartaal was daar een of twee struikelblokke, maar 'n mens leer uit jou foute. Daar is 'n aanhaling van Winston Churchill wat ek as my leuse in die lewe beskou: "To improve is to change, to perfect is to change often."

Drostdy is my trots. Ons is 'n skool vol unieke tradisies en mense. Die kinders is vriendelik en die onderwysers is altyd gewillig om te help. Ons skool skep die ideale ruimte vir leerders om te groei en te word wie hulle in ons samelewing wil wees. Ek wil elke kind aanmoedig om die positiewe groei te wees wat hy of sy in die skool wil sien. Elke leerder is 'n leier, 'n ongeslypte diamant wat wag om gepoleer te word.

'n Onderwyser het my 'n baie waardevolle les geleer - 'n mens kan eers regtig gee, as jy van jouself gee...en ek wil elkeen verseker, ek beoog om ons trotse skool in opregtheid te dien.

Sterkte vir almal met die uitdagende jaar wat voorlê.

Corne le Roux

Gerhard Strydom

Mnr. Gerhard Strydom (regs) het aan die begin van 2015 by ons aangesluit. Hy gaan die leiding by die VCSV neem en sal ook betrokke wees by sekere beradingsaksies in die skool. Ons is baie bevoorreg om hom hier te hê en ons hoop dat sy tyd hier by Drostdy baie vrugtevol en geseënd sal wees.
Ons het hom leer ken as iemand met baie energie en 'n passie vir die Here. Ons weet sommer dat hy die Drostdy belewenis net nog meer kleur gaan gee.

Juffrou Cronjé

Wat is juffrou se volle naam?
- Tersia Cronjé
Waarvandaan kom juffrou?
- Nelspruit
Waar het Juffrou skoolgegee voor Drostdy?
- Hoërskool Nelspruit
Wat is Juffrou se *spirit animal*?
- 'n Arend
Volgens Juffrou, wat is Drostdy se beste eienskap?
- Dat toutrek belangriker is as rugby.

Juffrou Marais

Wat is Juffrou se volle naam?
- Magdelena Alberta Marais
Waarvandaan kom Juffrou?
- Caledon
Waar het Juffrou skoolgegee voor Drostdy?
- Pionierskool
Wat is Juffrou se *spirit animal*?
- Ek hou nie van diere nie.
Volgens Juffrou, wat is Drostdy se beste eienskap?
- Die Drostdyers weet hoe om enigiets lekker te maak. Enigiets.

Tannie Charné van die kombuis

Wat is Tannie se volle naam?
- Charné Bosman
Waar het Tannie gewerk voor Drostdy?
- Worcester Medi-Clinic.
Wat is Tannie se eintlike beroep?
- Ek is 'n dieetkundige.
Volgens Tannie, wat is Drostdy se beste eienskap?
- Ek geniet die kinders ongelooflike baie.
Het Tannie enige kinders?
- Ek het twee dogters, 17 en 16, onderskeidelik.

Mnr. Renier de Villiers

Wat is Meneer se volle naam?
Renier de Villiers
Waar het Meneer studeer?
Stellenbosch Universiteit
Waar het Meneer skool gehou voor Drostdy?
Paul Roos Gimnasium en ek het rugby afgerig by Dagbreek Manskoshuis.
Wat is Meneer se *spirit animal*?
n Tier.
Volgens Meneer, wat is Drostdy se beste eienskap?
Die bereidwilligheid van almal om altyd te help, leerders en onderwysers.

Respek asseblief!

Volgens die HAT is respek: eerbied, ontsag en agting.
HTS Drostdy is gebou op sy vier belangrikste waardes - verantwoordelikheid, trots, liefde en respek. Omdat dit ons boustene is, het die Beheerliggaam besluit om die Donkies uit te daag om elke kwartaal van hierdie jaar een van die vier waardes uit te beeld.
Die eerste kwartaal was respek aan die beurt. Daar was nog nooit 'n tekort aan respek by Drostdy nie. Ons is bekend daarvoor dat ons respek betoon aan ons medemens - by die skool, buite die skool en in ons tuisdorpe.
Drostdy-respek is op 'n vlak van sy eie, buitengewoon. Waar anders staan kinders nog op om besoekers, onderwysers of ouers vriendelik te groet? Ons betoon ook altyd goeie gedrag wanneer ons uitgaan om die skool as 'n groep te verteenwoordig. Ons sit ons beste voetjie voor, op die Donkie-manier. Iets om te beleef, voorwaar.



112 jaar van God se seën

Veels geluk, liewe Drostdy, omdat jy verjaar...
Op Donderdag, 12 Februarie 2015, het ons Drostdy se 112de verjaardag gevier. Hierdie spesiale dag is met 'n saalbyeenkoms geopen. Mnr. Underhay het vir die leerders 'n inspirerende storie vertel van 'n oudskolier wat die skool net voor ons verjaardag besoek het. Hy het vir ons staaltjies van sy skooldae by Drostdy vertel, en die kinders het dit gate uit geniet. Die skoolkoor het opgetree en pouse het elke leerder 'n roomys gekry. Dit was 'n prettige dag vol tradisie en trots, en ons sien met afwagting uit na die volgende 112 jaar.



Afkyk is uit

deur Stephan Joubert

Hoogmoed laat jou afkyk. Solank as wat jy afkyk op ander mense kan jy nie opkyk na hulle nie. So skryf C. S. Lewis oor die gevaar van hoogmoed in sy bekende werk "Mere Christianity." Hoogmoed verander jou ingesteldheid teenoor mense. Dit verander ook jou manier van praat met en oor hulle. Dit maak dat jy vanuit die staanspoor bevooroordeeld is as jy met daardie mense te doen het. Hulle velkleur, hulle sosiale posisie, hulle manier van glo — sulke dinge maak dat jy hulle as minderwaardig, dom of oningelig beskou. En dat jy hulle nooit ernstig opvat of vir hulle omgee nie. G'n wonder nie jy kyk af op hulle. Daarom dat God hoogmoed so haat. Hy kan dit nie uitstaan nie. Hy stamp hoogmoedige regeerders van hulle trone af en verstoot arrogante mense wat op almal rondom hulle trap. So sing Maria in haar loflied in Lukas 1.

Moenie afkyk op mense nie. Dit pas nie by kinders van God nie. Dis teen God se wil. Paulus skryf in Filippense 2 dat die gesindheid of die hart van Christus in ons elkeen moet wees sodat ons een die ander mense sal hoër ag as onsself. Nederigheid laat ons opkyk na mense. Dit laat ons ons opinies oor hulle terughou totdat ons 'n kilometer of twee in hul skoene geloop het. En een van hulle laste op ons eie skouers getel het soos wat Galasiërs 6 leer. Dan sal ons oorhaastige opinies verander in wyse raad en omgee.



Brilliant Young Donkeys

Die Brilliant Young Donkeys-klub trek hierdie jaar 'n nuwe baadjie aan. Voorheen het dit slegs uit matrieks bestaan, maar nou kry die top 10-leerders van graad 8 tot graad 12 geleentheid om deel te wees van die groep.

Hulle het reeds op 18 Februarie in die biblioteek afgeskop. Hulle is bederf met heerlike pizza en koeldrank, en het daarna na sprekers geluister oor tydsbestuur en verskuiwing van grense. Ds. Marius Joubert van Robertson het hulle vermaak met motiverende staaltjies uit sy lewe, en Mev. Alida Marais het haar kennis en ervaring kom deel oor tydsbestuur en effektiwiteit. Leerders kon vrae vra en voorstelle maak oor die toekoms van die klub.

'Ons wil graag ons akademiese presteerders spesiaal laat voel en ruimte skep vir nog verdere verbetering', het mnr. Louis Steijn gesê. Ons is baie positief hieroor en hoop om nog baie van die Brilliant Young Donkeys te hoor.

Syferdonkies wys hul staal

Die fluitjie het geblaas, nou is dit tyd vir dink!

Ons spul wiskundige Donkies het die eerste rondte van die Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade op 12 Maart hier by die skool geskryf. Die vrae was vol kopkrap, hartkrap en gorrel, maar ons is daar deur. Die geheim is om jouself nie in die woorde of syfers op die papier vas te staar nie, maar om eerder die antwoord buite die boksie te gaan soek. Elke vraag het 'n vangplek en dis jou werk om dit te identifiseer. Dit was 'n baie verrykende ervaring en almal van ons het beslis iets daaruit geleer. Ek moedig 'n ieder en 'n elk wat kans sien aan om volgende jaar deel te neem.

Baie dankie aan almal wat geskryf het.

Baie geluk aan die volgende leerders wat na die tweede rondte deurgedring het:

Juniors: Jandré Roos, Heine Beukes, Suné Conradie, Tina Kleinhans, Emily Alberts, Adriaan Alberts, Charl van Rensburg, Gershon Speelman, Jana Jordaan, Laura-Lynne Brandt, Theo Schutte, Kyla Avenant, Danie Retief, George Johan Moore, Ben-Ernst Botha, Albertus Barnard, Willem Viljoen, Stefan Prinsloo, JC Smith en Sean Williams (toppresteerder).

Seniors: Willem Adams, Jason Avenant, Gideon Jordaan, Eduard Conradie, Anél Pienaar, Stefan du Plessis, Danica Mong, Albert le Roux, Astrid Bothman, Tania Venter, Marilie Mathee, Carla Brink, Letitia Möller, Curtney Hofmeester, Aiden Brandt, Karla van Rensburg, Huidré du Toit, Phillip Cornelissen, Nicolas Truter, Pieter Möller en Carmen Victor (toppresteerder).

Matrieks verf die Kaap rooi

In matriek is daar baie dinge om na uit te sien: Marshall's Plein, die Kwart-voor-sewe-lelie opvoering, matriekafskeid, maar die geleentheid wat seker vir die heel meeste opwinding sorg is die Matriekdag.



Nina en Letitia

Op 4 Februarie vaar die matrieks Kaapstad binne en die avontuur begin by die V&A Waterfront. Daar kry hulle die vryheid om rond te loop en op te tree soos regte volwassenes, dit wil sê sonder enige ouer persoon se toesig. Sommiges het die seelewe in die akwarium gaan besigtig, terwyl ander 'n bootrit deur die hawe geniet het. Dié vir wie die kospakkies nie genoeg was nie, het heerlik gaan ontspan by 'n restaurant.

Janco en David Kramer

Vanaf die Waterfront vertrek hulle toe na die Fugard Teater in die hartjie van die Kaap, Distrik Ses. Distrik Ses op sy eie was reeds 'n belewenis vir die matrieks, maar David Kramer se *Orpheus in Africa* het hul asems behoorlik weggeslaan.

Met moeë lywe het hul die pad terug Worcester toe aangedurf met herinneringe wat hulle vir altyd sal koester. Dié dag is een wat hulle nie sommer gou sal vergeet nie. 'n Spesiale woord van dank aan Mev. Le Roux, Mev. Marais, Mev. O'Kennedy en Mnr. Le Roux wat hulle vergesel het en net so moeg was soos hulle die volgende dag.

English-not a foreign language

Om goed in jou tale te wees is 'n vaardigheid wat jy oral kan gebruik en ja, nie net Afrikaans nie, Engels ook. Op die 3de Maart het 'n handjievol Drostdyers die *De Beers English Olimpiad* geskryf. Hierdie is 'n geleentheid wat jou blootstel aan Engels as taal buite skoolverband. Dit prikkel jou skryf- asook taalvernuf en laat jou toe om 'n bietjie verder te dink as wat jou neus lank is. Daardie dag was baie verbeelding, beskrywende woorde en die vermoë om jou mening effektief te lig broodnodig. Die olimpiade gee aan jou die geleentheid om op vrae te reageer. Daar is geen reg of verkeerd nie. Die uitslae sal eers later hierdie jaar bekend gemaak word. We are waiting ...

Die Graad 8 Inlywingsweek

Om 'n Donkie genoem te word is 'n groot voorreg en eer wat nie verniet weggegee kan word nie. Dit moet verdien word! Die inlywing het oor 'n tydperk van vyf dae verloop, Vrydag 23 Januarie tot Donderdag 29 Januarie. Die tema van die inlywing was die skool se vier pilare: respek, liefde, trots en verantwoordelikheid.
Algemene reëls vir die tydperk het die volgende ingesluit:

- Die seuns moes 'n netjies gekamde middelpaadjie met tandeborsel agter die oor dra.
- Die meisies moes twee bokstertjies met 'n netjiese middelpaadjie dra.
- Geen graad 8-leeder mag 'n baadjie of das voor die baadjie-oorhandigingseremonie dra nie.
- Graad 8's moes, soos enige ander Donkie, opstaan as 'n volwassene of onderwyser verby loop en hoflik groet.
- Hulle moes afkyk in die teenwoordigheid van 'n matriekleerder.
- Geen graad 8 mag langer as 'n matriekleerder in sy/haar teenwoordigheid wees nie.
- Graad 8's is naamloos vir die tydperk en staan onderskeidelik as "eseltjies" en "eselintjies" bekend.
- Die matriekmeisies word as "mejuffrou" en die matriekseuns as "oom" aangespreek.
- Die graad 8's moes ook plak indien 'n matriekleerder dit versoek.

Op Vrydag 23 Januarie het ons die graad 8's meer geleer van trots. Hulle moes 'n sottelied leer en dit aan enige matriekleerder sing indien dit versoek word. Hierdie aktiwiteit het hulle geleer om trots daarop te wees om as 'n sot van HTS Drostdy bekend te staan en dan ook in die toekoms op hulle skool en skoollied.
Die pilaar verantwoordelikheid is toegeskryf aan Maandag 26 Januarie . Die graad 8's moes 'n gekookte eier versier, versorg en oppas vir die duur van die dag, want dit het ook gevoelens. Indien die eier sou breek of beskadig word, moes die graad 8 leerder treur, want hy of sy het nie hul verantwoordelikheid nagekom nie. Dit het die graad 8's op 'n eenvoudige, praktiese wyse geleer dat verantwoordelikheid 'n belangrike rol in die lewe speel en dat daar gevolge is indien dit nie nagekom word nie.
Op Dinsdag 27 Januarie is die volgende vraag aan die graad 8's gestel: "Is jy regtig so lief vir jou seniors as wat jy voorgee?" Die liefde-pilaar is aan hierdie dag toegeskryf. Die graad 8 seuns moes 'n rooi roos aan die linkerkant van hul bors vassteek en die meisies moes 'n wit/blou/geel blom agter die oor dra. Die doel van die aktiwiteit was om die rose aan die matriekmeisies en die blomme aan die matriekseuns deur die loop van die dag te gee. Die eenvoudige liefdesgebaar het weerspieël dat Drostdy 'n hegte familie is en dat ons nuwe Donkies nou deel word hiervan.
Woensdag 28 Januarie het Drostdy die interkoshuis atletiek aangebied en dus het net die algemene reëls gegeld.
Donderdag 29 Januarie was die dag om die respek van 'n ware Donkie aan te leer. Die graad 8 seuns moes op aandag staan (steeds korter as die betrokke matriekleerder) en die matriekseuns salueer met die woorde: "Ja, Oom!". Die meisies moes weer 'n buiging maak met die woorde: "Ja, Mejuffrou!"
Die voorafgenoemde gebeure het daartoe bygedra om die nuwe graad 8's in ware Donkies, wat kan inskakel, op alle vlakke, te omskep.

Die Graad 8 atletiek word boeresport

"Kom ons wees 'n bietjie kreatief en hou boeresport!" Dit was die redenasie van hierdie jaar se bestuurskomitee, of altans Evan Booysen wat die verrigtinge gereël en hanteer het.
Die Graad 8 atletiek is 'n jaarlikse instelling by HTS Drostdy en vorm deel van die Gr8's se oriënteringsaktiwiteite. Die ouers vorm ook deel van hierdie geleentheid en hierdie jaar het mnr. Eric van Wyk reggestaan met bobaas potjiekos.
Die items van die dag het ingesluit: waterballongooi, rosyntjiespoeg, trekker-/bakkietrek, vrugtestoot, 50m plakkie resies, "slip and slide" en 'n eierresies. Die 8G's het derde geëndig, die 8A's tweede en die 8C-klas het met die eerste plek weggestap. Baie geluk!
Hierdie was die eerste keer wat ons iets anders as die tradisionele atletiek aangepak het. Die nuwe Donkies het dit baie geniet en dit was beslis 'n reuse sukses! 'n Groot klop op die skouer vir almal wat gehelp het.

Links: Rissie kyk dat die graad 8's nie *crook* nie. Bo: Dit verg konsentrasie om daai eier heel te hou. Bo links: Die konsert het almal in goeie luim gelaat.

Groentjiekonsert

SABC Onkie ('n TV-kanaal geskryf vir Donkies deur Donkies) Soos reeds ervaar is, sit dit nie in enige broek om 'n Donkie te word nie. Daar moet eers konsert gehou word!
Op 29 Januarie het die graad 8's die res van die skool asook hul ouers, boeties en sussies met 'n Groentjiekonsert vermaak. Dit het as die afsluiting van hul oriënteringsaktiwiteite gedien.
Die vermaaklikheid het ingesluit 'n geheime agent in die Bosvarkhoofkwartiere op Carte Blanche, Eden wat in die klub optree op 7de Laan, 'n advertensie oor Soettand Lewensversekering vir diabete en vele meer, Boeboe van Vetkoekpaleis wat dink 'n vetkoek is 'n fees vir die maag en 'n "waitress" 'n fees vir die oog, 'n blinde Kurt Darren op X-Factor en laastens 'n flashmob in die parlement gelei deur die EFF.
Mev. Meiring, Johané Mason, Anitha van Deventer en Corné le Roux was aan die stuur van die projek. Hulle asook die graad 8's het baie hard daaraan gewerk om die aand 'n sukses te maak.
Ek wil vir hulle baie dankie sê vir die moeite en lang ure. Wel gedaan!

Queen of hearts steel Drostdy se harte

Op Dinsdag, 10 Maart, was dit weer vir ons 'n groot eer om die jaarlikse Mnr. en Mej. Drostdy skouspel op die planke te sien. Vanjaar se tema was 'Alice in Wonderland' en die aand was wonderlik. Ons seremoniemeesters vir die aand was Nina Fouché as *The Queen of Hearts* en Corne le Roux as die *Mad Hatter*.

Die uitslae was soos volg:

Juniors:

Mnr. Donsie – Dihan Muller	Mej. Donsie – Lerika de Scande
Eerste prins – Eric Norris	Eerste prinses – Antoinette Steijn
Tweede prins – Ruben Wolstenholme	Eerste prinses – Janine Pienaar

Seniors:

Mnr. Drostdy – George Muller	Mej. Drostdy – Tameryn Heyman
Eerste prins – Zandre Fernhout	Eerste prinses – Micheala Terry
Tweede prins – Evan Booysen	Tweede prinses – Anke Loubscher

'n Spesiale woord van dank aan Juffrou Vermeulen wat vrou-alleen hierdie wegholsukses aan mekaar gesit het.

V.l.n.r. Z. Fernhout, M. Terry, George Muller, T. Heyman, E. Booysen, Anke Loubser



V.l.n.r. J. Pienaar, L. de Scande, A. Steijn

V.l.n.r. E. Norris, D. Muller, R. Wolstenholme

As jy sing...

Ons wil graag al die koorlede hartlik bedank vir hulle moeite die afgelope kwartaal. Na net 2 oefeninge was hulle gereed om by die skool se verjaardag op te tree. Hulle het "Soek allereers die koninkryk van God" en "We are the young" pragtig laat klink met hul soet engelstemme. Dis ook nie al nie- hulle is reeds hard aan die oefen vir die Worcester Eisteddfod en die Montagu Jeugkunstefees later in die jaar. Ons weet dat hulle die ander se voete onder hulle gaan uitslaan.

Landsdiens

Landsdiens het jare gelede 'n baie aktiewe Drostdy-klub gehad. Die Avontuurklub het die plek hiervan ingeneem en vir lank het enkele van ons leerders aan die kampe gaan deelneem en selfs Nasionale kleure verwerf.

Onder leiding van me. Leonora van Tonder het die feniks weer herrys. Vyf en twintig leerders het aangesluit en van hulle het by Eendrag, net anderkant Touwsrivier gaan kamp. Alhoewel die jaarbeplanning nog nie beskikbaar is nie, sien ons uit na alles wat voorlê. Ons het 'n uiltjie hoor *hoot* dat hulle volgende kwartaal uilhokke langs die Breërivier gaan opsit. Die datums is egter nog 'n duister saak. Ons hou julle op hoogte.

VCSV

'n Baie aktiewe groep leerders neem weekliks aan die VCSV by HTS Drostdy deel. Ons leef ons skool se leuse: "Werk terwyl jy op God vertou" ten volle uit en streef daarna om dissipels van Jesus te wees. Die VCSV is daar om God te verheerlik en in die krag van die Heilige Gees te groei.



Oom Gerhard Strydom is ons jeugwerker en hy word bygestaan deur juffrou Hannelie Steyn en 13 kringleiers. Ons vergader elke Dinsdagaand vanaf 18:30 tot 19:30 – gewoonlik in die skoolsaal. Tydens die byeenkomste kan almal deel wees van opwindende lofprysings en aanbidding, luister na inspirerende boodskappe en sommer net lekker saamwees.

In Efesiërs 3:16-18 is die volgende liefdesboodskap vir elkeen wat nog oorweeg of hulle wil kom saam beleef: "Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van Sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle Sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Enige iemand wat nog volgende kwartaal wil aansluit by ons is baie welkom.

"Iris, wat maak djy?"

Kom ons wees eerlik – voorgeskrewe boeke is nooit pret nie. Gelukkig vir ons matrieks is die lyding net so klein bietjie minder gemaak toe hul *Die kwart-voor-sewe-lelie* in die regte lewe kon beleef.

Die span akteurs wat die opvoering aangebied het, het hul uitstekend van hul taak gekwyt. Die opvoering was humoristies, insiggewend en vreeslik dramaties. Daar was oomblikke wat die gehoor geskaterlag het en ander kere wat jy die spanning met 'n mes kon sny.

Die meeste matrieks sal saamstem dat die opvoering hul siening oor die boek totaal en al verander het – sowel as 'n groot rol gespeel het in hul Afrikaanse literêre punt. 'n Groot woord van dank aan mnr. Oupie du Plessis wat dié spesiale geleentheid georganiseer het.

Die Gr. 10's maak 'n draai in die Bos

Die Gr.10's lees elke jaar Kringe in 'n Bos deur Dalene Matthee. Mnr du Plessis het hierdie jaar 'n groep kinders Knysna toe geneem om die Bos eerstehands te gaan beleef.

Fyn beplanning is gedoen en die opgewondenheid het hoog geloop. Hulle het in Knysna se skoolkoshuis geslaap. Saterdagoggend het hulle Dalene Matthee se groot boom by Krisjan-se-nek besoek en 'n kort staproete deur die bos by Meulbos gevolg. Op die staproete was van die ou myngate te sien en die idee was om die boek meer as net 'n voorgeskrewe boek te maak. Nie eers die reën kon die kinders se geesdrif blus nie, behalwe 'n paar van die seuns wat in die bus gaan sit het...

Daarna het hulle op die Featherbed Ferry gery tot by die *Heads*. Laatmiddag het hulle die pragtige ou kastele by Noetzie besoek, en na 'n opwindende dag heerlik by die waterfront gaan uiteet.

Sondagoggend het hulle vroeg in die pad geval – doodmoeg na al die avontuur. Die uitstappie het die kinders gehelp om die omgewing waarin die boek afspeel beter te verstaan. Dit was 'n wonderlike ervaring en ons hoop dit word 'n jaarlikse instelling.



Heel links: Die groot kalander

Links: Op pad na die Koppe

Middel onder: Noetzie

Onder: Meulbos

Twee vir een!

Dit is warm...bloedigwarm, dis die laaste periode en oral in Drostdy heers 'n onheilspellende stilte. So nou en dan word die stilte verbreek met 'n swaar sug... wat gaan aan? Waar is die gewone gezoem van kinders wat nie kan wag om huis toe te gaan nie?

Julle het reg geraai! Die rede vir hierdie buitengewone gedrag is die feit dat die Donkies nog nie kan huis toe gaan nie. Op die 9de Februarie het Drostdy 'n dubbele skooldag gehad. Die leerders moes 'n ekstra skooldag inwerk, omdat SA toutrek op die 26ste en die 27ste Maart van ons gronde gebruik maak. Die hele skool sal as gevolg van hierdie geleentheid moet ontruim. Die goeie nuus is natuurlik dat alle Drostdyers 'n heerlike twee-daglange vakansie kry om op te maak vir die ekstra lang skooldag!

Baie dankie aan elke onderwyser vir julle entoesiasme gedurende die dag, asook aan Mnr. Underhay vir die koue koeldrank tydens die langpouse. Dit het beslis die dag effens meer draaglik gemaak!

Laastens dankie aan elke leerder wat so ywerig gewerk het gedurende die dag. Julle entoesiasme en gedrag was 'n ware weerspieëling van die Donkies se gees. Drostdy is trots om elkeen van julle as deel van sy besonderse familie te hê!

"A night in Paris"

Op 13 Februarie het Drostdy Valentynsokkie gehou. Die bestuurskomiteelid wat verantwoordelik was vir die geleentheid, is Gideon Jordaan. Hy het hom baie goed van sy taak gekwyt en baie moeite met die geleentheid gedoen.
Die tema was "A night in Paris" en Gideon het beslis daarvoor gesorg dat elkeen 'n regte Franse ervaring beleef het. Die Eiffeltoring was in ons midde asook 'n uitbeelding van 'n sitplek by 'n straatkafee wat as fotohokkie gedien het.
Die Frikkie was tot ons beskikking om ons van iets te ete en iets te drinke te voorsien na al die gedans.
Dit was beslis 'n wonderlike aand vol liefde, dans en hope pret! Baie dankie aan almal wat betrokke was.

Paul Roos sorg vir lekker makietie

Drostdy se Bestuurskomitee is vanjaar weer die geleentheid gegun om Paul Roos Gimnasium se jaarlikse bal op 4 Maart by te woon. Dit was 'n onvergeetlike aand in Stellenbosch - vol mooi mense, goeie geselskap en herinneringe wat 'n leeftyd gaan hou.

Op die spykaart was: *Springrolls* met 'n soetsuur sous, skaapskenkel met seisoenale groente en nagereg was 'n sensasionele Oosterse sjokolademousse.
Baie dankie aan Oom Fox wat die bus bestuur het en me. Monique Marais wat as skakelpersonneellid opgetree het namens die BK.

Techno-Donkie Sokkie



Juf. Paulsen het op Vrydag, 20 Maart 2015, 'n sokkie gereël - vir 'n goeie doel. Die geld wat gemaak is, gaan gebruik word om 'n nuwe klanksisteem vir die saal aan te skaf. Die sokkie is in die skoolsaal en in Stalshuis se studiesaal gehou. In die skoolsaal het ons eie platejoggies gesorg vir *trance* musiek, terwyl die verliefde paartjies in Stalshuis se studiesaal ge sokkie het. Die kinders kon rondbeweeg tussen die twee lokale om te sorg dat die aand opwindend bly. Die Frikkie was oop en die kinders kon heerlike gebraaide worsies koop, en die wat wou, kon dit sommer self braai ook. Die kinders het dit gate uit geniet. Baie dankie aan Juf. Paulsen vir al die moeite met die *belewenis*.

"Rude am I in speech, and little blessed with the soft phrase of peace."

On the night of the 11th of February, a group of grade 12 learners had the great privilege of attending a play written by the late and great William Shakespeare. The Maynardville Open-Air Theatre served as the perfect backdrop for this majestic night.
Othello is a powerful story of race, love, jealousy and betrayal.
Othello the Moor, a noble black warrior, marries a beautiful white woman named Desdemona. Othello's ensign, Iago, harbours a secret jealousy and resentment toward Othello. Iago hatches a devious plan to plant suspicions in Othello's mind that Desdemona has been unfaithful to him. Maddened by jealousy, Othello strangles Desdemona. Almost immediately afterwards, Desdemona's innocence and Iago's treachery is revealed. In a fit of grief Othello then kills himself and Iago is taken into custody.
For many of the grade 12's, this experience enhanced their interest in English and their gratitude towards Mrs. Neething and Mr. Underhay, who organised this event, could clearly be seen on their faces.
To every future grade 12 learner, be sure to visit Mayardville when your time comes. It truly is a magnificent experience which you won't soon forget.



Waarom so min A-gemiddeldes?

Ons kan almal aan verkeie redes dink om die bogenoemde vraag te regverdig, maar twee van die eerste redes wat by elkeen van ons opkom, is onderwysers en sport. Gaan dink nou mooi hieroor. Kan mens werklik sport blameer vir 'n lae aantal A's aan die einde van die jaar? Sport is een van die belangrikste boustene in 'n skool. Daarsonder sou baie min leerders in fisiese aktiwiteite, wat uiters baie voordele vir hulle inhou, deelgeneem het. Onderwysers kan ook nie werklik die oorsaak wees nie. Alhoewel hulle by tye kan probeer om meer entoesiasties in die klasse te wees oor die werk wat behandel word, kan ons nie kla nie. Drostdy het van die beste onderwysers in die land. Nadat beide hierdie redes geëlimineer is, kan ons dieper gaan soek. Ek het hieroor nagedink en na ek onderhoude met al drie hoofde gevoer het, het daar slegs twee redes oorgebly wat werklik uitgestaan het, nl. die stigma wat aan Drostdy as skool kleef en dan ook leerders wat nie in hulself glo nie.

Om 'n berig soos hierdie te skryf, sit mens se brein in resiesrat. En om te dink oor die feit dat daar vandag nog 'n stigma van jare gelede aan jou skool kleef is skokkend. Omdat Drostdy in die verlede 'n tegniese skool was, is die skool geëtiketteer as 'n skool wat nie kan voorsien aan sterk akademiese leerders nie. Hierdie etiket is deur die jare oorgedra na die volgende geslagte, en as gevolg daarvan, is ons skool vandag nog gebrandmerk. Ander skole op die dorp gebruik hierdie etiket om sterk akademiese leerders te laat twyfel in Drostdy se vermoë om aan hul behoeftes te voorsien. Uiteindelik kan die gevolg wees dat Drostdy se akademiese potensiaal drasties kan verminder. Om dit te voorkom sal ons 'n beeld moet begin uitstraal na buite, wat die res van die dorp sal wys, Drostdy se etiket is besig om te verweer.



Die ander moontlike rede vir die matriekuitslae, is onder my aandag gebring deur Mnr. Underhay. Leerders het 'n tekort aan vertroue in hulself. Hulle glo nie dat hulle die vermoë het om op 'n A-vlak te presteer nie. Dit is hier waar ouers asook onderwysers inkom. Julle is die persone wat daagliks 'n invloed op die leerders se lewens het. Onderwysers, wees entoesiasties oor die werk wat julle behandel. Druk elke leerder in julle klasse en moedig hulle aan om tot die beste van hul vermoë te presteer. Ouers, stel belang in julle kinders se skoolwerk en moedig hulle gedurig aan om in hulself te glo en beter te presteer. Hierdie ondersteuning, liefde en entoesiasme, daagliks, kan nie anders as om 'n positiewe uitwerking op elke leerder te hê nie.

Groot dinge gaan nog in die toekoms by Drostdy gebeur. Die skool gaan hoogtes bereik waarvan niemand nog gedroom het nie...maar eers sal 'n paar dinge moet verander. Ons as skool sal hard moet werk om 'n boodskap na buite uit te dra. 'n Boodskap dat Drostdy uiteindelik besig is om die stigma van die verlede af te skud en dat ons skool uit sy nate bars van al die potensiaal tussen sy mure. Ook dat, ongeag wat die lewe na ons kant toe gooi, Drostdy reg is vir 'n uitdaging!

Die feit bly egter staan dat hierdie droom slegs kan plaasvind, indien elkeen van ons bereid is om álles te gee. Ons moet entoesiasties wees, in onsself glo en bereid wees om daardie ekstra bietjie in te sit om ons drome te bereik. Ek wil graag ons skool se leuse kombineer met dié van Alison Botha, 'n vrou wie se biografie- "Alison's Journey" - ek onlangs gelees het. Dit is soos volg:

A – Attitude : Wees altyd positief. Jou houding teenoor die lewe kan berge versit.

B – Belief : Glo in jouself en wat jy deur Christus kan bereik.

C – Choice : Kies om hard te werk en jou merkie in die lewe duidelik te maak.

As ons daagliks hiervolgens lewe terwyl ons op God vertrou, sal daar geen keer aan ons wees nie.

Marilie Mathee

Stoei

Die Stoeiklub het hierdie kwartaal dadelik weggespring, en hulle het 'n verskriklike besige kwartaal agter die rug - met nog baie groot geleenthede wat voorlê.

Die eerste toernooi vir die kwartaal was die Parow Toernooi op 21 Februarie 2015. Die stoeiers het in drie en twintig afdelings deelgeneem en verower 12 goue medaljes, 10 silwer medaljes en 6 brons medaljes. Dit wil voorwaar gedoen wees.

Volgende aan die beurt was die Solid Rock Toernooi in die Paarl op die 7de Maart. Hier het die seuns weereens hul staal gewys. Drostdy ontvang 10 goue medaljes, 12 silwer medaljes en 10 brons medaljes. Twee weke later, op 14 Maart 2015, het hulle gaan deelneem aan die Abraham Geldenhuys Ope Kampioenskap in die Kaap om te kwalifiseer vir Bolandspanne. Hulle staan nie terug nie en ontvang 18 goue medaljes, 10 silwer medaljes, 10 brons medaljes asook agt 4de plekke. Dit stop egter nie hier nie - daar is nog 'n lang lys van toernooie wat volgende kwartaal voorlê. Baie geluk aan elke stoeier en baie sterkte met al die voorbereiding wat op hande is! Mnr. Kurt Herzog, die afrigter, is baie opgewonde en sy passie vir die sport steek beslis by die kinders aan. Vandat hyself opgehou het om kompeterend te stoei, lê hy homself net meer toe op afrigting. Dis verstommend hoe hierdie sportsoort groei as gevolg van sy groot bydrae.

Ons het ook sopas verneem dat Jason Beukes die afgelope naweek tydens die SA-kampioenskap een silwer en een goue medalje verower het. Hiermee het hy kwalifiseer vir Protea kleure. Baie geluk, Jason.

Algemene Nuus

Nuwe bloed

Shamim Gallie is die nuwe aanwins op die Aambeeld se redaksie. Sy was verantwoordelik vir die pretblad en die berig oor respek. Ons weet sommer dat sy baie waarde tot die redaksie gaan toevoeg.

Ons groet...

Dis met baie hartseer dat ons hierdie kwartaal van twee baie besonderse mense afskeid neem. Mnr Willa Nolte is reeds 'n geruime tyd besig met sy eie onderneming en gaan sy kennis en vernuf inspan om sy eie besigheid verder uit te bou. Soos ons almal weet is hy 'n meganiese ou en hy het in die afgelope tyd nuwe implemente ontwerp en self gebou. Hierdie implimente beloof om radikale, positiewe veranderinge in die boerderybedryf te bring. Ons weet sommer dat hy suksesvol sal wees. Ons gaan hom baie mis.

Me. Elsa Kriel gaan ons ook verlaat. Sy was die persoon wat gesorg het dat die boeke klop daar in die finansiële kantoor. Sy was vir twee en 'n half jaar by Drosty betrokke en het 'n pos by GRW aanvaar. Ons beste wense vergesel haar.

Links: Me. Elsa Kriel

Regs: Mnr. Willa Nolte

A

B

LINKS: Hierdie is vier babafoto's van ons onderwysers.

A: Hy gee Afrikaans

B: 'n Kricketafrigter

C: Dis 'n Rek-juffrou

D:Wiskunde is in haar bloed

PRETBLAD

C

D

Antwoorde: A - Mnr. Van Lill, B - Mnr. Van der Merwe, C - Me. Viljoen, D - Me. Ackerman

Ons eie idees vol vrees



ARTHUR UNDERHAY

8			4		6			7
						4		
	1					6	5	
5		9		3		7	8	
				7				
	4	8		2		1		3
	5	2					9	
		1						
3			9		2			5

Krieket

Drostdy se krieketspanne het besonders goed presteer hierdie kwartaal - die o.15 A's het veral uitgestaan. Van die vier wedstryde wat hulle gespeel het, het hulle twee gewen en twee verloor. Die oorwinnig teen Hoërskool Framesby, met die laaste bal van die wedstryd, was ongetwyfeld die hoogtepunt. Die speler van die wedstryd was CJ van Rensburg met boulsyfers van 4 paaltjies vir 22 lopies, wat 'n driekuns ingesluit het.

Ons het ook die goeie nuus ontvang dat Larren Buys en Shaun Baxter die Noord-Boland krieketspan gehaal het, en dat die toer na George aan die einde van die derde kwartaal sal plaasvind.

Baie dankie aan die hulpafrigters, Mnr. Baxter en Mnr. Buys, asook die tellinghouer, Bilqees Laatoe. Ons is baie trots op al ons krieketspelers.

Swem

Swem in die 2014/2015 seisoen was 'n groot suksesverhaal vir die Donkies . Drostdy het weer aan verskeie byeenkomste en aflosbyeenkomste deelgeneem, waar ons verskeie uitblinkers gesien het.

Die Donkies is ook hierdie jaar vir die eerste keer genooi na die seshoek-byeenkoms wat aangebied is deur Robertson by hulle 50m dorpswembad Dit was 'n baie lekker byeenkoms en die Donkies het goeie prestasies behaal.

Aldo Marais, Klara Naudé, Claudi Bester en Suné Conradie het deelgeneem aan die Boland Hoërskole Swemkampioenskap op die 7de Maart by De La Bat skool se swembad en ook aan die Jnr WP kampioenskap op die 14de Maart. Die uitslae by die WP kampioenskap was soos volg:



Suné Conradie: 50m Vlinder (Silver), 50m Vryslag (Silwer), 200m IM(Goud)
Aldo Marais: 50m Rugslag (Silwer),50m Vlinder (Goud), 50m Borsslag (Goud), 200m IM (Goud)

Drostdy het ook weer 'n groot kompetisie gehad tydens die jaarlikse Interkoshuisswemgala wat plaasvind in ons 25m swembad en die Donkies laat spat elke jaar meer en meer rekords. Die puntestand van die verskillende koshuise was soos volg:

Algehele wenner was:

Seuns:	Koshuis	611
Dogters:	Dorp	611

Die volgende leerders het nuwe rekords opgestel:

Seuns:

Rudi Opperman, Gideon Laubsher x 2, Aldo Marais, Marco Visser, Heindrich van Coller, SJ Wessels, Daniel Basson, Jason Stevens, Jacques Mostert, Pierre de Wet

Dogters:

Sune Conradie x 3, Claudi Bester x 2, Marilie Mathee, Jolise Jordaan x 2, Klara Naudé x 2, Ilandri de Goede, Elize Bruwer, Anje Hougaard, Jeanine Pansegrouw en Elzaan Pansegrouw.

Baie geluk aan al die goeie prestasies van elke swemmer en baie dankie vir nog 'n lekker seisoen.

Tennis

Drostdy se seunspanne het hierdie kwartaal weereens 'n besonderse suksesvolle seisoen beleef. Die eerste span het slegs een wedstryd verloor. Die tweede, derde en vierde spanne was weereens vanjaar onoorwonne in hul onderskeie ligas gewees. Baie geluk manne!

Ons twee dogterspanne het vanjaar baie goed gevaar in hul onderskeie ligas. Ons het vanjaar vir die eerste keer met 'n jong span in die 1ste liga gespeel en die dogters het vir niemand teruggestaan nie. Die 2de span het ook baie goed gevaar en gemengde welslae behaal. Ons is baie opgewonde oor ons dogterspanne en sien baie uit na volgende jaar se liga.

Ons meisies met hul nuwe rokkies

Berto le Roux (S o/17) en Marli le Roux (D o/15) het vanjaar vir Boland Platteland verteenwoordig teen SWD. Ben-Ernst Botha, Jacques Marais, Carel Marais en Marli le Roux het vanjaar gaan deelneem aan die Boland Proewe en baie goed gevaar. Marli het tot die finale deurgedring, maar ongelukkig toe uitgeval. Wel gedaan.

Prestige atletiek te HTS Drostdy

Drostdy se jaarlikse Prestige atletiekbyeenkoms het ons almal se Donkie-harte weer met trots laat klop. Die byeenkoms het op die 4de Februarie op Drostdy se A-veld plaasgevind. Die dag was 'n groot sukses en al die atlete het hierdie byeenkoms met durf aangepak. Atlete van verskeie Kaapse skole het ook die dag hier kom deelneem. Met groot glimlagte het ons uitblink-donkies altesaam 70 goue medaljes, 49 silwer- en 32 brons medaljes verower. Julle maak ons trots!

Links:

Die manne by Stellenberg

Regs: Joh-Mari by die kleuresport



Hoërskool Stellenberg Atletiekbyeenkoms

Wanneer Drostdy by 'n atletiekbyeenkoms is, is dit uiters moeilik om die helderrooi hempies te vermy. Boonop is hierdie Donkies kort-kort op die podium om medaljes te ontvang.

Op 31 Januarie het die Drostdy-atlete baie harte vinniger laat klop tydens Hoërskool Stellenberg se atletiekbyeenkoms. Met 16 goue, 14 silwer en 18 bronsmedaljes, kan Drostdy nie trotser op hierdie talentvolle atlete wees nie.

Saterdag het 8 uitblinkeratlete rekords opgestel. Anel Pienaar (diskus), Llewellyn van Rensburg (diskus), Tommy Bezuidenhout (spiesgooi en diskus), Geno van Schalkwyk (hoogspring), Janine Pienaar (diskus), Doklein Lewis (200m) en Erik Groenewald (gewigstoot) het almal gewys hoe om die rekords behoorlik te laat spat!

Ons is baie trots op Janine Pienaar (o/14), Anel Pienaar (o/17), Adrian Maans (o/15) en Erik Groenewald (o/19) wat aangewys is as die atlete met die beste prestasies in hul ouderdomsgroepe.

Ons weet die Drostdy-atlete oefen ontsettend hard en na aanleiding van die bogenoemde, pluk julle beslis die vrugte daarvan. Julle is die lewende voorbeeld van die aanhaling: "Swoeg is die saad vir sukses."

Wes-Kaap atletiekbyeenkoms

Op Saterdag 14 Maart het die 16 Boland-atlete van Drostdy gaan kompeteer by die Wes-Kaap atletiekbyeenkoms. Die byeenkoms het plaasgevind by die Coetzenburg stadion in Stellenbosch. Ons is trots om hierdie jaar 6 atlete in die Wes-Kaap span te hê. Hulle sal Drostdy se naam hoog hou tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskap.

Die volgende Drostdyers sal vanaf 25 tot 28 Maart in Rustenburg die vir Drostdy in Wes-Kaap span verteenwoordig.

Doklein Lewis	100m seuns O/14
Shaun Albertus	100m seuns O/14
Adrian Maans	100m seuns O/15
Tommy Bezuidenhout	Spiesgooi seuns O/15
Anél Pienaar	Diskusgooi dogters O/17
Erik Groenewald	Gewigstoot en spiesgooi mans O/19

Erik Groenewald

Tommy Bezuidenhout (seuns O/15 spiesgooi) en Anel Pienaar (dogters O/17 diskus) was beide 9de by die Hoërskole SA Kampioenskap! Ons is baie trots op julle

Links: Die eerste drie plekke by die Noord-Boland kompetisie was Drostdy s'n.

Laat nuus

Rugby in volle swang

Die rugbyseisoen het sommer vroeg begin en die manne is hard aan die oefen. Hulle stoei soggens by Kurt Herzog en namiddae hoor jy hulle op Trappespark. Die seisoen het begin...

Ons het reeds twee sportdae agter die rug en die Pukke skouspel. Tydens die Hopefield-sportdag het die eerste- en tweede-span al hul wedstryde gewen. Aan die begin van 'n seisoen voel-voel die manne mekaar mos, maar ons manne het sommer ingeklim en mooi rugby gespeel.

Tydens die sportdag by Boland Landbouskool het ons hierop voortgebou en die manne het gewys - hier kom groot dinge. Met die ter perse gaan was ons manne nog nie terug van die Pukke-skouspel nie, maar hulle het reeds drie wedstryde gespeel.

Al wat ons tans weet, is dat die manne vasgeval het teen Klerksdorp. "Dit was ons eerste volle wedstryd vir die seisoen en ons het baie geleenthede weggegooi. Die volgende wedstryd is Waterkloof en dan sal die manne reg wees", het mnr André Cilliers, een van die span se afrigters, tydens 'n telefoniese onderhoud gesê.



Die O/19A-span op Potch

Stephan tydens die Hopefield-dag

Hokkie

Die hokkiemanne is ook op Potchefstroom en hulle saai verwoesting.

Op Kimberley het hulle op pad na Potch sommer teen Hoërskool Kimberley gespeel en met 5 doele teen 1 gewen. Kort hierna is hulle Potch toe waar hulle reeds teen Vereeniging gespeel en 2-0 gewen het. Generaal Herzog loop ook deur en die Donkies wen 1-0. Volgende aan die beurt is Bergvlam en die Donkies stap weg met 'n 1-0 oorwinning. Nog een nader aan die finaal. Dit gaan goed en die manne speel hul harte uit. Meneer Irvin Jeftha is die vuur agter die manne en oom Fox en Tannie Tess sal beslis ook help skree.

Links: Brendon Olivier

Regs:

Die manne is aange-vuur voor die stryd.

Netbal

Ons netbalspeelsters is reeds hard aan die werk, en hulle het aan die Brackenfell-Sportdag deelgeneem. Dit het oor 2 dae plaasgevind.

Op Vrydag 27 Maart het die o/14 dogters drie wedstryde gespeel, en al drie wedstryde gewen. Die tellings was soos volg: 8-6 teen Excelsior, 4-3 teen Fairmont en 16-12 teen HTS Bellville. Ons is baie trots op hierdie jong Donkies! Op Saterdag 28 Maart het die o/16 en o/19 dogters gaan deelneem. Die o/16's verloor 8-9 teen Bellville en 6-12 teen Hoërskool Martin Oosthuizen van die Noord-Kaap. Hulle sluit egter die dag af deur Bellville-Suid met 'n telling van 8-5 te klop. Die o.19's het 3-9 teen Brackenfell verloor, maar kon dit regkry om Fairburn 9-6 te wen. Dis maar nog die begin van die seisoen , maar dit lyk of hier groot dinge wag. Ons sien uit na die res van die seisoen.

Drostdy verwelkom die ABSA Cape Epic

Die woord epies ("Epic") dui op iets heroïes wat volgens die HAT dui op iemand wat die eienskappe of kenmerke van 'n held (om dapper te wees) toon. Hierdie jaar het die twaalfde Cape Epic plaasgevind en Drostdy het die voorreg gehad om deel van die geleentheid te wees. Die wedren het vanaf 15 tot 22 Maart plaasgevind. 'n Totaal van 1200 fietsryers het deelgeneem en hulle het fase 3 van die wedren op Drostdy se gronde voltooi. Hulle het die nag van 18 Maart hier deurgebring en die volgende dag fase 4 voltooi. Hulle het weer die nag van 19 Maart hier geslaap en daarna na die Wellington Kampus vertrek.

As deel van die voorbereiding het Drostdy ons trots gemaak deur meer as 2000 tentjies binne 'n dag op te slaan. Die ander pluspunt is dat hierdie geleentheid baie goeie publisiteit vir Drostdy was. Die besoekers asook die Epic-personeel kon nie uitgepraat raak oor die goeie maniere, bedagsaamheid en vriendelikheid van die leerders nie. Een van die Epic-personeellede het sommer dadelik daarop aangedring dat sy kinders ook eendag Drostdy toe sal kom. Juffrou Vermeulen het ons ook verbaas met haar kreatiwiteit. Sy het die Gr. 8 tot 10's opgekommandeer om 'n uitbeeldeing van 'n fiets met bewegende wiele op die A-veld te doen. Daar is 'n lugfoto van die uitbeelding geneem. Om sulke dinge te hoor en te aanskou maak 'n mens weer van voor af trots en bevestig dat jy die regte skool gekies het.

Dit was vir ons as Drostdyers 'n baie groot voorreg om deel van hierdie geleentheid te wees en herinneringe wat ons altyd sal bybly is gevorm.

Baie dankie aan al die leerders en personeellede wat die geleentheid 'n sukses, en ervaring om te onthou, gemaak het!



Jukskei

Nege van ons leerders is in Bolandspanne opgeneem en het op 13-19 Desember 2014 aan die SA Junior Jukskei Kampioenskap in Kroonstad gaan deelneem. Die volgende leerders het ons skool daar verteenwoordig: George Muller, Mariska Jordaan, Kayla Bester, Hestia Gilbert, Paul Marais, Handré de Jongh, Lache Naylor, Carina van Heerden en Yvette Harding.

Al vier lede van Drostdy se o.19 dogterspan is opgeneem in die Wes-Kaap *Top Schools* span en het van 10-14 Desember 2014 aan die SA Skole Jukskei Kampioenskap deelgeneem. Die span het bestaan uit Kayla Bester, Mariska Jordaan, Carina van Heerden en Yvette Harding en hulle het 2 silwer medaljes ontvang.

Intussen is twee van ons seuns, Paul Marais en Handré de Jongh, gekies om deel te wees van die Wes-Kaap o/30 Jukskeispan wat aan die SA's gaan deelneem. Ons weet dat dit harde werk verg en ons glo dit sal baie goed gaan.

Geluk aan al die juskei-leerders, julle het weereens bewys dis nie net vir oumense nie!

Regs: Paul en Handré

Toutrek!



Nooit is 'n baie lang tyd, maar nooit het ons gedink daar sal op Trappespark tou getrek word nie. In al die jare is dit een van die mooiste gesigte wat ek ooit by Drostdy aanskou het. En dis die plek waar toutrek hoort. Hierdie sportsoort is net eenvoudig ongelooflik en die waarde wat dit tot ons skool, en veral die kinders se lewens toevoeg, is onbepaalbaar.

Dis die mooiste sportsoort wat daar is en baie mense het steeds die persepsie dat dit net by boeresportdae hoort - totdat hulle 'n kampioenskap soos hierdie bywoon.

Enigiemand wat vir my in die oë kan kyk en sê dat hulle nie hoendervleis kry as hulle dit kyk nie, jok. Tydens die kampioenskap was hier 'n energie soos wat daar lank laas op ons skoolgronde geheers het.

Tydens die eerste kwartaal kan 'n mens die toutrekkers in die klasse herken - hulle is gewoonlik dié wat, as hulle die kans kry, op hulle arms lê. Hulle oefen tot saans laat en die akademie suig maar aan die agterste speen. Soos wat die kwartaal egter ten einde snel en die SA's nader kom, lyk dit al beter. Hierdie kinders is fiks en gereed vir die aanslag. Die WP-Bolandkampioenskap was ons s'n. Al die goue medaljes het hul weg terug Drostdy toe gevind en in die proses het die kinders net nog meer selfvertroue gekry.Dit, saam met die harde werk en die wenkultuur is natuurlik 'n wenresep vir die SA-kampioenskap wat hierdie jaar op ons eie werf gehou is.

Baie mense het baie hard gewerk om die geleentheid so 'n dawerende sukses te maak en die afrigters, trekkers, organiseerders sal almal hiermee saamstem.

Ons koshuise was vol trekkers van so ver as Mpumalanga en Kimberley. Ons het selfs Langerug skool se een koshuis annekseer om almal 'n lêplekkie te gee.

Me. Charné Bosman het almal se mae vol gehou en verder was hier die heerlikste kosse op die werf te koop. Die kern van alles was natuurlik die toutrek en dis hier waar die dinge gebeur het.

Drostdy wen 6 goue medaljes! 5 Silwer medaljes! 2 Brons medaljes!

Die tellingbord kry die laaste sê.

Baie dankie aan elke afrigter, aanvoerder en trekker wat die dag 'n belewenis gemaak het.

Die girls

Ons 560kg A-span